# Bybelvasvra: Rekords in die Bybel

1. **Rekord: Langste reënbui**

   **Vraag:** Hoe lank was die langste reënbui gewees, en wanneer het dit plaasgevind?
   **Antwoord**: 40 dae en 40 nagte lank, dit het plaasgevind toe Noag en sy familie in die ark was (Gen 7:17).

2. **Rekord: Man met die meeste vroue**

   **Vraag**: Watter man in die Bybel het die meeste vroue gehad, en hoeveel het hy gehad?
   **Antwoord**: Koning Salomo – 700 vroue en 300 byvroue (1 Kon 11:3)

3. **Rekord: Oudste mens in die Bybel**

   **Vraag**: Wie was die oudste mens in die Bybel gewees, en hoe oud was hy gewees?
   **Antwoord**: Metusalag – hy was 969 jaar oud gewees (Gen 5:27).

4. **Rekord: Jongste Koning**

   **Vraag**: Wie was die jongste koning in die Bybel gewees, en hoe oud was hy gewees?
   **Antwoord**: Koning Joas, hy was 7 jaar oud gewees (2 Kon 11:21).

5. **Rekord: Man lê vir maande op sy sy**

   **Vraag**: Wie is die man wat die langste op sy sy gelê het, en hoe lank het hy gelê?
   **Antwoord**: Esegiël, hy moes vir 390 dae op sy linkersy lê (Eseg 4:4-5)

6. **Rekord: Langste bootreis**

   **Vraag**: Wie is die langste in ‘n boot gewees, en hoe lank was hulle daar gewees?
   **Antwoord**: Noag en sy familie, 364 dae (Gen 7:6-24 en Gen 8:1-20)

7. **Rekord: Kleinste weermag**

   **Vraag**: Wie het met die kleinste weermag die vyand oorwin, en hoeveel manne was hulle gewees?
   **Antwoord**: Gideon, 300 mans (Rig 7:7)

8. **Rekord: Hoogste toring**

 **Vraag**: Waar was die hoogste mensgemaakte toring gewees?
 **Antwoord**: Babel (Gen 11:4-9)

9. **Rekord: Bejaarde vrou gee geboorte aan baba**

 **Vraag**: Wie was die oudste vrou wat 'n baba gehad het, en hoe oud was sy gewees?
 **Antwoord**: Sara, 90 jaar oud (Gen 17:17)

10. **Rekord: Kraaie sorg vir man**

 **Vraag**: Wie was die man vir wie die kraaie gesorg het, en wat het hulle vir hom gebring?
 **Antwoord**: Elia, brood en vlei (1 Kon 17:4-9)

11. **Rekord: Meel en olie raak nie op nie**

 **Vraag:** Wie se meel en olie het nie opgeraak totdat dit gereën het nie?
 **Antwoord**: Die weduwee wat vir Elia gesorg het (1 Kon 17:14-16)

12. **Rekord: Mans bly dae sonder kos en water**

 **Vraag**: Watter twee mans in die Bybel het die langste sonder kos en water gebly, en vir hoe lank het hulle daarsonder gebly?
 **Antwoord**: Moses (Eks 34:28) en Jesus (Matt 4:1-2) – albei 40 dae en 40 nagte

13. **Rekord: Baie word gevoed met bietjie kos**

 **Vraag**: Twee mans kon baie mense met 'n klein bietjie kos voed, wie was hulle gewees?
 **Antwoord**: Elia (2 Kon 4:42-44) en Jesus (Matt 14:16-17)

14. **Rekord: Mans loop op die water**

 **Vraag**: Twee mans in die Bybel kon op water loop, wie was hulle gewees?
 **Antwoord**: Jesus en Petrus (Matt 14:25-29)

15. **Rekord: Man loop 40 dae en 40 nagte**

 **Vraag**: Hierdie man het vir 40 dae en 40 nagte geloop, wie was hy gewees?
 **Antwoord**: Elia (1 Kon 19:8)

16. **Rekord: Langste bed**

 **Vraag**: Hoe lank was die langste bed in die Bybel gewees, en waarvan was dit gemaak gewees?

**Antwoord**: yster, dit was sowat 4m lank en amper 2m breed gewees (Deut 3:11)

**17.Rekord: Vetste man**

**Vraag:** Hoe vet was die vetste man in die Bybel gewees?
**Antwoord**: Die spies waarmee hy doodgesteek het se handvatset het in sy vet vasgesit sodat dit nie uitgetrek kon word nie (Rig 3:22)

**18.Rekord: Dooie man se lyk bring lewe**

**Vraag:** Watter man se dooie bene het ‘n lyk laat lewendig raak toe dit aan dit raak?
**Antwoord:** Elisa (2 Kon 13:21)

**19.Rekord**: **Pratende donkie**

**Vraag:** Die donkie het ‘n rekord van ‘n donkie wat kan praat, wie se donkie was dit gewees?
**Antwoord**: Bileam (Num 22:28)

**20.Rekord**: **Man se skaduwee genees**

**Vraag**: Wie se skaduwee het mense gesond gemaak as dit op hulle geval het?
**Antwoord**: Petrus (Hand 5:12-16)

**21.Rekord: Man se soom genees**

**Vraag**: Aan wie se soom het ‘n vrou geraak en toe gesond geraak?
**Antwoord**: Jesus se kleed se soom (Luk 8:43-48)

**22. Rekord**: **Dooie mense word lewendig**

**Vraag**: Hoeveel rekords is daar in die Bybel van mans wat vir mense gebid het en toe raak hulle lewendig. Wie was die mans wat gebid het?
**Antwoord**: Jesus (Luk 7:11-17; Luk 8:49-55; Joh 11:33-44); Elia (1 Kon 17:17-24); Elisa (2 Kon 4:18-37); Petrus (Hand 9:36-43) en Paulus (Hand 20:7-12)

**23. Rekord: Klei en spoeg laat man sien**

**Vraag**: Wie het klei en spoeg gebruik om ‘n man van blindheid te genees?
**Antwoord**: Jesus (Joh 9:1-7)

**24.Rekord: Man bad homself en raak gesond**

**Vraag**: Watter man moes homself sewe maal in ‘n rivier gaan was om gesond te word?
**Antwoord**: Naäman (2 Kon 5:14)

**25.Rekord: Man in vis se maag**

**Vraag**: Wie was in ‘n vis se maag gewees, en vir hoe lank was hy daar gewees?
**Antwoord**: Jona, 3 dae en 3 nagte (Jona 1:17)

**26.Rekord: Manne brand nie dood in vuuroond nie**

**Vraag:** Watter drie manne was in ‘n vuuroond gegooi en het niks oorgekom nie?
**Antwoord**: Daniël se drie vriende (Dan 3:23-27)

**27.Rekord: Man werk vir 14 jaar om vrou te kry**

**Vraag**: Watter man het vir 14 jaar gewerk om die vrou te kry vir wie hy lief was.
**Antwoord**: Jakob vir Ragel (Gen 29:18-27)

**28. Rekord: Water word oopgekloof**

**Vraag**: Ons lees van 3 mans wat water oopgekloof het en met droeë voete deur die water is. Wie wat hulle gewees.
**Antwoord**: Moses (Eks 14:15-22), Josua (Jos 3:13) en Elisa (2 Kon 2:5-8)

**29.Rekord: Swaarste hare**

**Vraag**: Watter man in die Bybel het die swaarste hare gehad, en hoeveel het dit geweeg wanneer hy dit afgeskeer het?
**Antwoord**: Absalom – meer as 2kg (2 Sam 14:26)

**30. Rekord: Krag lê in sy hare**

**Vraag**: Watter man in die Bybel se krag het in sy hare gelê?
**Antwoord**: Simson (Rig 16:17)

**31. Rekord: Langste dag**

**Vraag**: Watter man in die Bybel het gebid en God het die son laat stilstaan?
**Antwoord**: Josua (Jos 10:13)

**32. Rekord: Son beweeg agteruit**

**Vraag**: Watter teken het God vir Hiskia gegee dat Hy sal doen wat Hy gesê het?
**Antwoord**: Hy het die son agteruit laat beweeg, sodat die skaduwee wat reeds teen die trap van Agas se sonwyser afgesak het, tien trappe teruggeskuif het. (Jes 38:8)

**33. Rekord: Dooie bene word lewendig**

**Vraag**: Watter man in die Bybel het oor dooie bene geprofeteer en toe raak dit lewendig?
**Antwoord**: Esegiël (Eseg 37:1-15)

**34. Rekord: Koning eet gras soos diere**

**Vraag**: Wie was die koning wat soos 'n dier geword het omdat hy hoogmoedig geword het, en vir hoe lank het hy so gelees.
**Antwoord:** Koning Nebukadnesar, vir sewe jaar (Dan 4:33)

**35. Rekord: Vrou verander in soutpilaar**

**Vraag**: Wie het in 'n soutpilaar verander en hoekom?
**Antwoord**: Lot se vrou, sy het omgekyk toe God Sodom en Gamorra verwoes het, en God het gesê dat hulle nie mag omkyk nie (Gen 18:20)

**36**: **Rekord: Dooies staan op uit grafte**

**Vraag**: Tydens watter gebeurtenis in die Bybel lees ons dat dooie gelowiges uit die grafte uit opgestaan het?
**Antwoord**: Toe Jesus Sy laaste asem uitblaas (Matt 27:52)

**37. Rekord: Vuur uit die hemel**

**Vraag**: Wie het gebid vir vuur uit die hemel, en waarom.
**Antwoord:** Elia, sodat die volk kon sien wie God is (1Kon 18:36-38)

**38**. **Rekord: Byl dryf op die water**

**Vraag**: Wie het 'n byl op water laat dryf, en hoe het hy dit reggekry.
**Antwoord**: Elisa, hy het 'n stuk hout in die water gegooi waar die byl ingeval het, en dit het die byl bo laat dryf. (2 Kon 6:6-7)

**39**. **Rekord: Man word in stormwind in wa van vuur hemel toe gevat**

**Vraag:** Wie is op hemel toe gevat in 'n stormwind en 'n wa en perde van vuur?
**Antwoord**: Elia (2 Kon 2:11)

**40. Rekord: Tonge van vuur bo mense se koppe**

**Vraag**: Tydens watter gebeurtenis in die Bybel was daar tonge van vuur bo mense se koppe gewees?
**Antwoord**: Op Pinksterfees tydens die uitstorting van die Heilige Gees (Hand 2:1-3)

**41. Rekord: Man in leeukuil kom niks oor nie**

**Vraag**: Watter man is in 'n leeukuil gegooi en het niks oorgekom nie?
**Antwoord**: Daniël (Dan 6:17-23)

**42. Rekord: Man loop vir drie jaar sonder klere**

**Vraag**: Watter man in die Bybel het opdrag by die Here gekry om vir 3 jaar sonder klere rond te loop.
**Antwoord**: Jesaja (Jes 20:2-3)

**43. Rekord: Man moet seun offer**

**Vraag**: Watter man in die Bybel het opdrag by God gekry om sy enigste seun te offer?
**Antwoord**: Abraham moes vir Isak offer (Gen 22:1-2)

**44. Rekord: Man eet boekrol**

**Vraag**: Watter man in die Bybel het opdrag by die Here gekry om 'n boekrol te eet?
**Antwoord**: Esegiël (Eseg 3:3)

**45. Rekord: Man se oor word afgekap**

**Vraag**: Watter man in die Bybel het iemand se oor afgekap?
**Antwoord**: Petrus, hy die slaaf van die hoëprieser se oor afgekap (Joh 18:10)

**46. Rekord: Man maak storm stil**

**Vraag:** Watter Man in die Bybel het die mag gehad om 'n storm stil te maak?
**Antwoord:** Jesus (Mark 4:35-41)

**47. Rekord: 10 plae tref die land**

**Vraag**: Watter land het God met 10 plae getref en hoekom?
**Antwoord**: Egipte, God het Sy volk Israel daardeur bevry uit slawerny (Eks 7-12)

**48. Rekord: Jong seun gooi reus met klip dood**

**Vraag**: Wie was die jong seun, en wie was die reus gewees?
**Antwoord**: Dawid het vir Goliat met 'n klippie uit 'n slingervel doodgegooi
(1 Sam 17:48-50)

**49. Rekord: Jong seun slaan beer en leeu dood**

**Vraag:** Wie was die jong seun wat ‘n beer en ‘n leeu doodgeslaan het as hulle sy pa se vee gevang het?
**Antwoord**: Dawid (2 Sam 17:34-36)

**50. Rekord: Mure val om wanneer mense skree**

**Vraag**: Watter stad se mure het omgeval toe die Israeliete na sewe keer om die stad geskree en op ramshorings geblaas het?
**Antwoord**: Jerigo (Jos 6:15-20)

**51. Rekord: Uitlê van drome red man uit tronk**

**Vraag:** Watter man is uit die tronk vrygelaat nadat hy dit koning se droom uitgelê het?
**Antwoord**: Josef (Gen 41:15; 40)

**52. Rekord: Druiwe tros so groot dat 2 mans dit moet dra**

**Vraag**: In watter land het sulke groot druiwe trosse gegroei?
**Antwoord**: In die land Kanaän (Num 13:23)

**53. Rekord: Man kom niks oor na dodelike slang hom pik**

**Vraag**: Vir wie het ‘n dodelike slang gepik en hy het niks oorgekom nie?
**Antwoord**: Paulus (Hand 28:3-6)

**54. Rekord: Seun val hom dood toe man te lank preek**

**Vraag**: Wie het so lank gepreek dat die seun hom doodgeval het by die venster uit?
**Antwoord**: Paulus (Hand 20:7-12)

**55. Rekord: Man se kop op skottel as verjaarsdag geskenk**

**Vraag**: Wie se kop is in ‘n skottel as ‘n verjaarsdag geskenk gegee?
**Antwoord**: Johannes die Doper s’n (Matt 14:1-13)

**56. Rekord: Man met 12 vingers en 12 tone**

**Vraag**: Wie het teen ‘n lang man met 12 vingers en 12 tone geveg?
**Antwoord**: Dawid en sy manne (2 Sam 21:20-21)

**57. Weermag van 700 mans is almal links**

**Vraag**: In watter boek in die Bybel lees ons van 700 knap solate wat almal links was?

**Antwoord**: Rigters (Rig 20:16)

**58. Rekord: Onvrugbare vroue raak swanger**

**Vraag**: Ons lees in die Bybel van 'n hele klomp vrou wie se kinders baie belangrike rolle in die Bybel gehad het, maar wat eers onvrugbaar was, en God toe hulle moederskote oopgesluit het. Noem 'n paar van hulle.

**Antwoord**:

- Sara, Isak se ma – Gen 11:30;
- Rebekka, Jakob en Esau – Gen 25:21;
- Ragel, Josef se ma – Gen 30:22-24)
- Simson se ma – Rig 13:3;
- Elizabeth, Johannes die Doper se ma – Luk 1:7;
- Hanna, Samuel se ma – 1 Sam 1:2,20

**59. Rekord: Vrou se gasvryheid word met kind beloon**

**Vraag**: Watter Profeet het vir 'n onvrugbare vrou gesê dat sy swanger sal raak omdat sy hom altyd gasvry ontvang het?

**Antwoord**: Elisa (2 Kon 4:14-17)

**60. Rekord: Geveg met ongewone wapens gewen**

**Vraag**: God het vir Gideon net 300 mans gegee om mee te gaan veg. Hulle kon ook nie gewone wapens saamneem nie, want God wou die geveg vir hulle wen. Watter ongewone items moes hulle saamneem as wapens en wat moes hulle daarmee doen?

**Antwoord**: 'n Fakkel met 'n erdekruik oor en 'n ramshoring. Wanneer hulle die ramshorings blaas moes hulle die kruike breek en uitroep "Die swaard van die Here en Gideon"